DIE begin van 'n oorspronklike modeskepping — 'n skets deur Errol Arendz, die bekende mode-ontwerper van Kaapstad, wat Maandagaand 'n voorvertoning van sy skeppings vir die lente/somerseisoen 1980 in die DHPS Aula in Windhoek aanbied.

Errol Arendz weer hier

DIE hoogtepunt van Windhoek se mode-jaar gaan beslis Maandagaand se voorvertoning wees van modes ontwerp deur die bekende Kaapstadse ontwerper Errol Arendz.

Hy het verlede jaar bekendheid verwerf nadat Barbara Barnard, vrou van prof. Chris Barnard, van sy ontwerpe vertoon het.

Van mnr. Arendz se ontwerpe is reeds verlede jaar in Windhoek ook gesien en verkoop, nadat hy 'n vertoning teen die einde van Oktober hier aangebied het.

Maandagaand se voorvertoning word in samewerking met Inge's Boutique, 'n plaaslike modewinkel, en Anita's Charm School aangebied.

Die ontwerpe wat tydens die vertoning te sien sal wees, sal ook later deur Inge's Boutique aan die publiek beskikbaar gestel word.

Almal kos tussen R100 en R700, wat as glad nie baie vir sulke unieke en oorspronklike skeppings beskou word nie.

'n Windhoekse haarkappersalon sal vir die modelle se kapsels verantwoordelik wees, terwyl 'n spesiale juweelversameling van goud, ivoor, diamante en steen vir die skeppings ontwerp is.

Die voorvertoning begin om 19h30 by die DHPS Aula, wanneer skemerkelkies bedien sal word.

Kaartjies is teen R5,50 beskikbaar by Inge's Boutique, Anita's Charm School of Maandagaand by die deur van die Aula.

BO en LINKS ONDER: Twee van Errol Arendz se oorspronklike skeppings wat tydens 'n onlangse voorvertoning van sy ontwerpe in Kaapstad vertoon is.

★ ★ ★

ERROL ARENDZ

FASHION SHOW
in the D.H.P.S AULA on
MONDAY
29th
OCTOBER
tickets available at
ANITA'S CHARM SCHOOL
AND
INGE'S BOUTIQUE

When you help Red Cross